*LAERSKOOL **SABIE** PRIMARY SCHOOL*

PRIVAATSAK/ PRIVATE BAG X516
SABIE
1260
Tel: 013 764 1328
Fax: 013 764 3510
E-mail: admin@laerskoolsabie.co.za

25 Januarie 2017

Nuusbrief 2 van 2017

Geagte Ouers

INTERHUIS-ATLETIEKBYEENKOMS:

Die Interhuis-atletiekbyeenkoms was weer eens een van die hoogtepunte van die eerste kwartaal. Daar was uitstekende resultate. Ons is ook trots op die feit dat soveel van ons kinders deelgeneem het en mooi prestasies behaal het. ***Dis die gees!!*** *Ons bedank ook andermaal ons ouers wat as beamptes opgetree het of by die kosstalletjies gehelp het. Ons waardering dat julle jul kosbare tyd opgeoffer het om ons by te staan.*

ANDER BYEENKOMSTE:

Ons bied vanjaar weer eens heelwat van die byeenkomste aan. Die res van die atletiekseisoen sien soos volg daaruit: Ons doen 'n beroep op ouers om ons te kom help by die tuisbyeenkomste.

- ***27 Jan*** *Vriendskaplike byeenkoms Nelspruit Primary.*
  Die skool sal om 12h00 uitkom op Vrydag 27 Januarie.
- ***31 Jan*** *Kringatletiekbyeenkoms(wat reeds om 10h00 begin)* ***Behalwe vir die atlete wat moet deelneem en die helpers, sal die skool vir die ander leerlinge gesluit wees op hierdie dag aangesien alle onderwysers as beamtes sal optree.***
- ***02 Feb*** *Een-uur middagbyeenkoms tuis by ons.*
- ***07 Feb*** *Spoed en aflosbyeenkoms Rob Ferreira*
- ***09 Feb*** *Sub-distrikteatletiekbyeenkoms (wat reeds om 08h30 begin)*
  Behalwe vir die atlete wat moet deelneem en die helpers, sal die skool vir die ander leerlinge gesluit wees op hierdie dag aangesien alle onderwysers as beamptes sal optree.
- ***21 Feb*** *Distriktebyeenkoms te Lydenburg Laerskool.*
- ***24 Feb*** *Interlaer atletiekbyeenkoms op te Hoërskool Lydenburg.*

INSAKE: LEERDERAFWESIGHEDE:

Daar is reeds leerders in die skool wat op hierdie vroeë stadium baie afwesig is. Indien 'n leerling wat nog skoolpligtig is en onderhewig is aan daaglikse bywoning van die skool nie hierdie rëeling nakom nie, sal die skool genoodsaak wees om die volgende stappe te neem:

- *Die omstandighede van die kind sal deeglik ondersoek word.*
- *Nodige stappe sal dan geneem word om hierdie probleem aan te spreek.*
- *Indien bogenoemde nie slaag nie sal 'n skriftelike kennisgewing aan die ouers gerig word om die invloed van die ongereelde skoolbesoek te verduidelik.*
- *Die skool sal ook die ouers voorsien van die skool se beleid rondom afwesighede.*
- *Vir verdere optrede sal die saak aan die departement gerapporteer word.*

Voordat bogenoemde optrede deur die skool kan plaasvind, sal die leerling en sy ouers 'n skriftelike kennisgewing vanaf die skool ontvang.

Ouers word verantwoordelik gehou vir die afwesighede en die gevolge van sodanige optrede deur die department.

My opdrag aan die personeel is dat indien 'n kind die dag se assessering weens mediese redes misloop, sodanige afwesigheid met 'n mediese sertifikaat vergesel moet word. Sonder 'n sertifikaat sal daar nie meer 'n "a" op die punteskaal wees nie, maar 'n "0" wat werklik tot nadeel van die kind gaan wees.

*Verder moet **alle afwesighede** deur 'n ouerbrief vergesel word.*

Hierdie optrede is onaanvaarbaar en word deur die skool in 'n baie ernstige lig beskou. Dit het ook 'n baie negatiewe uitwerking op u kind se skolastiese vordering.

Hiermee doen die skool 'n vriendelike dog ernstige beroep op u om met u kind die erns van die saak te bespreek en om hom/haar bedag te maak op die ernstige nagevolge indien hy/sy sou volhard in hierdie optrede.

SKOOLTYE:

*Ons herinner alle **Gr1** ouers dat die skool vanaf **1 Februarie om 13h30** sal uitkom saam met die onder leerlinge van die skool.*

Ouers neem asseblief ook kennis dat geen sportoefeninge in die toekoms afgestel sal word as gevolg van enige omstandighede nie. Indien kinders die skool verteenwoordig in sportkodes het ouers die verantwoordelikheid om vervoerrëelings te tref sodat die kind getrou sportoefeninge kan bywoon. Afwesigheid met oefeninge sal ook beteken dat kinders vervang word met kinders wat getrou sportoefeninge bywoon.

Ek herinner ouers dat gereelde kommunikasie met die skool van uiterste noodsaaklikheid is, maak asseblief seker dat u op 'n daaglikse basis u kind se tas uitpak vir omsendskrywes van die skool.

Groete

J KRUGER
HOOF